Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwys Kompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR

# GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

## HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: VRAE EN ANTWOORDE

## VAK: BESIGHEIDSTUDIES

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 11 bladsye en 'n antwoordblad.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig voordat die vrae beantwoord word.

1 Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE leeruitkomste (LU 1 & LU 2)

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.
AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2 Neem die tydtoekenning vir elke vraag in aanmerking wanneer die vrae beantwoord word.

3 Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig en beantwoord slegs wat verlang word.

4 Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5 Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne geskryf word.

6 Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte van 'n antwoord te bepaal.

7 Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld: VRAAG 2 - nuwe bladsy, VRAAG 3 - nuwe bladsy, ensovoorts

8 Voltooi VRAAG 1 op die ANTWOORDBLAD voorsien. Die antwoordblad is die laaste bladsy van hierdie vraestel. Plaas die voltooide antwoordblad **voor** in jou antwoordeboek.

9 Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| A: Meervoudigekeuse-vrae, Pas-items, Gee een woord vir VERPLIGTEND | 1 | 40 | 30 min |
| B: DRIE vrae VERPLIGTEND | 2 | 60 | 30 min |
| | 3 | 60 | 30 min |
| | 4 | 60 | 30 min |
| C: Opstelvrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae. | 5 | 40 | 30 min |
| | 6 | 40 | 30 min |
| | 7 | 40 | 30 min |
| | 8 | 40 | 30 min |
| | **TOTAAL** | **300** | **180 min** |

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 Vier moontlike opsies word as antwoorde, vir die volgende vrae voorsien. Kies die korrekte antwoord en maak ŉ kruis (x) op die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) op die ANTWOORDBLAD.

1.1.1 Beleggers in Twintig-Tien Bpk is geregtig op hierdie tipe vergoeding:

A Wins
B Aandele
C Dividend
D Rente

1.1.2 Langtermyn strategieë word op hierdie vlak van bestuur beplan en geïmplementeer:

A Top vlak bestuur
B Middel vlak bestuur
C Laer vlak bestuur
D Unie vlak bestuur

1.1.3 Aflegging fokus op:

A Vermindering van produksie
B Besnoeiing van koste
C Sluiting van die fabriek
D Vermindering van klante

1.1.4 Hierdie wetgewing vereis van werkgewers om geleenthede te skep vir voorheen benadeelde groepe:

A Wet op Arbeidsverhoudinge
B Wet op Basiese Diensvoorwaardes
C Wet op Vaardigheidsontwikkeling
D Wet op Diensbillikheid

1.1.5 Hierdie wet maak voorsiening vir leerderskappe:

A Sektorale Opleiding
B Vaardigheidsontwikkeling
C Arbeidsbetrekkinge
D Industriële Verhoudings

1.1.6 Ndileka het R2000 teen 'n rentekoers van 10 persent jaarliks saamgestelde rente vir 'n periode van twee jaar belê. Wat sal die waarde van haar belegging aan die einde van twee jaar wees?

A R420
B R2200
C R2420
D R200

1.1.7 'n Suksesvolle onderneming …

A fungeer binne begrotings.
B vereis min opleiding van werkers.
C betaal die hoogste salarisse.
D hoef nie by verandering aan te pas nie.

1.1.8 Jack besit 'n supermark. Hy …

A beheer die beskikbaarheid van voorraad vanaf voorsieners.
B bepaal watter nuwe tegnologie ontwikkel moet word.
C kan klante forseer om by sy supermark te koop.
D besluit op 'n missie verklaring vir sy onderneming.

1.1.9 'n ... sal meer effektief wees vir 'n visuele voorlegging van data veranderlikes.

A Diagram
B Grafiek
C Illustrasie
D Tabel

1.1.10 Besigheidsbeleggingsgeleenthede sluit in:

A Lenings van banke
B Die Padongelukke Fonds
C Effektetrusts
D Besigheidsversekeringspolisse

(10 x 2) (20)

1.2 Kies ŉ term uit KOLOM B om by ŉ beskrywing in KOLOM A te pas. Maak ŉ kruis(x) op die letter (A – F) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) op die ANTWOORDBLAD.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Vervaardigers vra doelbewus ŉ lae prys om ŉ produk in die teiken mark te vestig. | A Inklusiwiteit |
| 1.2.2 Leerderskappe word in plek gestel om die geleentheid te bied vir gestruktureerde, formele leer en werksondervinding. | B Makro-omgewing |
| 1.2.3 Eksterne invloede waarby ŉ onderneming moet aanpas. | C SOOO's |
| 1.2.4 Gelyke geleenthede vir almal in die werkplek. | D Vaste deposito |
| 1.2.5 Lae risiko belegging teen ŉ spesiale rentekoers vir ŉ bepaalde periode van tyd. | E Mark penetrasie |
| | F Integrasie |

(5 x 2) (10)

1.3 Gee ŉ woord/term/naam vir elk van die sinne hieronder. Skryf slegs die korrekte woord(e) neer op jou ANTWOORDBLAD.

1.3.1 Hierdie sektor bring produkte en dienste binne die bereik van die verbruiker.

1.3.2 Die aanwending van geld om rykdom en inkomste te genereer.

1.3.3 Hierdie strategie word slegs oorweeg wanneer alle ander opsies uitgeput is, omdat dit die einde van die onderneming beteken.

1.3.4 Die enjinkamer van die Suid-Afrikaanse ekonomie waar aandele verhandel word.

1.3.5 ŉ Ondernemingsvorm wat deur ten minste een direkteur bestuur word.

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

## VRAAG 2

2.1 Lees die volgende artikel en antwoord die daaropvolgende vrae.

> Deur die BSEB inisiatief, maak Umsobomvu Jeug Fonds (UJF) groot maatskappye bewus van die voordele om met ondernemings saam te werk wat deur jeugdiges en vrouens besit word. Deur van UJF se databasis van entrepreneurs gebruik te maak kan maatskappye baat vind op hul BSEB telkaarte en voldoen aan BSEB vereistes.

(Bron: Umsobomu Youth Magazine, Oktober 2008.)

2.1.1 Waarvoor staan die afkorting BSEB? (2)

2.1.2 Verduidelik VIER langtermyn voordele wat voortspruit uit die implementering van BSEB. (8)

2.1.3 Bespreek SES kriteria waarop 'n onderneming beoordeel word om te bepaal of dit aan BSEB voldoen. (18)

2.2 Pas die bepalings van die Wet op Diensbillikheid toe om Umsobomvu Jeug Fonds te oorreed dat die ondernemings op hul databasis nie slegs jeug en vrouens in diens hoef te neem nie. Bespreek enige VIER van hierdie bepalings. (8)

2.3 As voorheen benadeelde individue het die jeug en vroue waarna verwys word in die artikel beperkte bestuursvaardighede. Bespreek enige VYF doelstellings van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling. (10)

2.4

> Mev Tyalimpi het vyf werkers in diens in haar konstruksie maatskappy. Die totale maandelikse salarisse en lone is R62 000 en al die werknemers is vir belasting geregistreer. Sy wil meer weet oor die vaardigheidsontwikkelingheffing en vra die volgende vrae aan jou:

2.4.1 Watter persentasie moet die werkgewer bydra tot die vaardigheidsontwikkeling heffing? (2)

2.4.2 Voor watter datum van elke maand moet sy die heffing betaal? (2)

2.4.3 Aan wie moet sy hierdie heffing betaal? (2)

2.4.4 Bereken die bedrag van die heffing wat sy maandeliks moet betaal. (4)

2.5 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes reguleer oortyd deur werknemers gewerk. Gee enige TWEE bepalings rakende oortyd soos in hierdie wet uiteengesit is. (4)

**[60]**

**VRAAG 3**

3.1 Lees die volgende uittreksel:

> **Rassistiese werksadvertensies betree Suid-Afrikaanse mark**
>
> "Moet nie moeite doen om vir hierdie pos aansoek te doen indien jy swart is en twee tot vyf jaar ondervinding in die voedsel kleinhandel industrie het nie.Op versoek van klante sal slegs blanke mans en vroue oorweeg word."
>
> "Aankoper by familie kleinhandel voedsel winkel – moet 'n blanke man of vrou wees met ten minste 2 tot 5 jaar ondervinding."
>
> Hierdie is twee werksadvertensies op die webwerf, Careers24.

(Bron: The Times, 27 Oktober 2008)

3.1.1 Die familie voedselwinkel kan in diens neem wie hulle wil, omrede dit deur 'n familie besit word. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (4)

3.1.2 Brei uit oor die beginsel van inklusiwiteit in die werkplek. (10)

3.1.3 Die onderneming kan menseregte op verskeie maniere in die werkplek toepas. Identifiseer VYF sulke maniere. (10)

3.1.4 Verduidelik hoe regstellende aksie inklusiwiteit bevorder. (6)

3.2

> **"Telkom gehawend en verward."**
>
> Verlede week het die tweede landlyn telefoonnetwerk operateur, Neotel, oorlog teen Telkom verklaar. Neotel het sy lang verwagte telefoondiens geloods met 'n toestel genaamd NeoConnect Lite, en oproepkoste aansienlik goedkoper as Telkom s'n. Dit is tyd vir Telkom om bekommerd te wees...

(Bron: Aangepas vanuit The Times: 27 Oktober 2008)

Bespreek hoe Telkom kan reageer op die uitdagings wat die nuwe mededinger bied deur na die onderstaande veranderlikes te verwys:

3.2.1 Missie, Oproep tariewe en Top Bestuur (6)

3.2.2 Verbruikers en Mededinging (6)

3.2.3 Tegnologie (4)

3.3 Verduidelik enige DRIE nagevolge vir Telkom indien Neotel so suksesvol raak dat dit die landlyn telefoon mark beheer (6)

3.4 Onderskei tussen versekering en assuransie (8)
**[60]**

**VRAAG 4**

4.1 Die onderstaande tabel stel bankrekeningkoste voor. Bestudeer die tabel en antwoord die daaropvolgende vrae:

| **Rekening Koste** | **Nedbank Spaar** | **Nedbank Tjek** | **Absa Tjek** | **Standard-Bank Spaar** | **Standard Bank Tjek** | **FNB Betaal soos jy gebruik** | **FNB Bestuurder opsie** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Transaksie-koste** | | | | | | | |
| Kontant deposito's: 20 x R5000 | R997.50 | R830 | R1050 | R1024 | R1050 | R1050 | R1050 |
| Onttrekkings: 6 x R2500 | R172.50 | R124.50 | R165 | R209.70 | R157.50 | R90 | Bondel |
| Oor die limiet:Per R1000 | NVT | R75 | NVT | R85 | R100 | R0.00 | Nie toegelaat |
| **Maandelikse fooi** | | | | | | | |
| Maandelikse rekening fooi | R12 | R0.00 | R60 | R60 | R48 | R35 | R265 |
| **TOTALE** | R1182 | R1029.50 | R1275 | R1378.70 | R1355.50 | R1175 | R1315 |

(Bron: It's my business, 26 Oktober 2008)

4.1.1 Identifiseer die bank met die tweede duurste spaarrekening ontrekkingsfooie. (1)

4.1.2 Watter bank vra die laagste maandelikse spaarrekening fooie? (1)

4.1.3 Watter bank vra die goedkoopste vir tjekrekening kontant deposito's? (1)

4.1.4 Watter bank vra die hoogste fooi as die limiet oorskry word? (1)

4.1.5 Hoeveel sal dit 'n Standardbank kliënt kos indien hy die limiet op sy tjekrekening met R4000 oorskry? (2)

4.2

| |
|---|
| Jy het besluit om jou geld in effektetrusts te belê, terwyl jou vriend besluit het om in aandele te belê. |

4.2.1 Verantwoord jou besluit om in effektetrusts te belê. (10)

4.2.2 Adviseer jou vriend oor die risikos verbonde daaraan om in aandele te belê. (4)

4.3 Om te verseker dat alle burgers minimum dekking geniet het die regering sekere verpligte versekeringskemas ingestel. Verduidelik kortliks enige TWEE tipes verpligte versekering. (10)

4.4 Hoe kan die volgende faktore bydrae tot die sukses van ŉ onderneming?

4.4.1 Finansiële kontrole (4)

4.4.2 Bevoegde werkers (4)

4.4.3 Visie (2)

4.5 Verduidelik die proses wat gevolg behoort te word wanneer ŉ besigheidstrategie ontwikkel word. (12)

4.6 Lys VIER funksies van ŉ SOOO. (8)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 5

| |
|---|
| Wanneer klante aangekoopte produkte na die verkoper terugstuur het dit sekere implikasies vir die verkoper. Die verkoper stuur die produkte terug aan sy verskaffer. Verkopers behoort terugsendings gereeld te analiseer om die moontlike oorsake te identifiseer en korrektiewe maatreëls te tref. |

Analiseer die aankope terugsendings soos weerspieël in die onderstaande tabel en skryf 'n verslag wat tydens 'n bestuursvergadering aangebied moet word. Jou verslag moet fokus op die huidige situasie en moontlike oorsake, impak van terugsendings op Afrika Toebehore Bpk en voorstelle vir korrektiewe maatreëls om die situasie te verbeter.
Verduidelik ook hoe jy vrae sal hanteer wat voortspruit uit jou aanbieding van die verslag.

| AFRIKA TOEBEHORE BPK: OPSOMMING VAN TERUGGESTUURDE PRODUKTE VIR DIE AFGELOPE 12 MAANDE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Getal items teruggestuur aan verskaffers binne 3 maande van verkoop datum. | | | | | |
| Item | Verskaffer A | Verskaffer B | Verskaffer C | Verskaffer D | Totaal |
| CD spelers | 3 | 6 | 2 | 5 | 16 |
| Horlosie radio | 5 | 9 | 3 | 4 | 21 |
| DVD spelers | 1 | 4 | - | 3 | 8 |
| Stowe | - | 2 | - | - | 2 |
| Ketels | 1 | 4 | 1 | 3 | 9 |
| Yskaste | - | - | 1 | 1 | 2 |
| Vrieskaste | 1 | - | - | 1 | 2 |
| Mikrogolfoonde | 4 | 11 | 2 | 6 | 23 |
| Stofsuiers | 8 | 15 | 4 | 6 | 33 |
| Selfone | 11 | 28 | 6 | 19 | 64 |
| Totaal | 34 | 79 | 19 | 48 | 180 |

**[40]**

**VRAAG 6**

| |
|---|
| Twee toerisme onderwysers het besluit om in 2009 ŉ luukse hotel in Mount Fletcher te open sodat dit ten volle funksioneel sal wees om in 2010 die Sokker Wêreldbeker toeriste te akkommodeer. Hulle wil betrokke wees by besluitneming, maar wil nie persoonlike bates verloor ingeval van mislukking nie. |

Evalueer die TWEE mees toepaslike vorme van eienaarskap. Vergelyk die twee ondernemingsvorme in jou evaluasie en gee by elke bepalende faktor ’n aanbeveling van watter ondernemingsvorm die twee entrepreneurs beter sal pas. Maak dan ŉ finale aanbeveling met ŉ kort motivering aan hulle. **[40]**

**VRAAG 7**

| |
|---|
| MIV/Vigs is as ŉ groot sosio-ekonomiese probleem in Suid-Afrika geïdentifiseer. As ŉ Openbare Betrekkinge Bestuurder in ŉ groot organisasie het jy besluit om aan die bestuur voor te stel dat hierdie pandemie ŉ geleentheid bied vir korporatiewe maatskaplike betrokkenheid. |

Wat dink jy is die impak van MIV/Vigs op besigheidsondernemings? Beveel maniere aan hoe jou werkgewer die gemeenskap kan bystaan om die MIV/Vigs probleem te hanteer en dui ook aan hoe hierdie betrokkenheid die onderneming sowel as die gemeenskap kan bevoordeel. **[40]**

**VRAAG 8**

| |
|---|
| Uitdagings in die makro besigheidsomgewing beïnvloed die groei van ŉ onderneming. Bestuur moet op hierdie uitdagings reageer deur verskillende besigheidstrategieë aan te wend. |

Bespreek die groei strategieë wat deur bestuur aangewend kan word wanneer ŉ onderneming nuwe produkte verkoop in nuwe en dikwels onbekende markte. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**

**GROOTTOTAAL: 300**

**BESIGHEIDSTUDIES GRAAD 12 – JUNIE 2009**

**ANTWOORDBLAD**

**AFDELING A**

**NAAM & VAN:** ............................................................... **KLAS:** .........................

**VRAAG 1**

**1.1**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D |
| 1.1.2 | A | B | C | D |
| 1.1.3 | A | B | C | D |
| 1.1.4 | A | B | C | D |
| 1.1.5 | A | B | C | D |
| 1.1.6 | A | B | C | D |
| 1.1.7 | A | B | C | D |
| 1.1.8 | A | B | C | D |
| 1.1.9 | A | B | C | D |
| 1.1.10 | A | B | C | D |

**(10 x 2) (20)**

**1.2**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.2.1 | A | B | C | D | E | F |
| 1.2.2 | A | B | C | D | E | F |
| 1.2.3 | A | B | C | D | E | F |
| 1.2.4 | A | B | C | D | E | F |
| 1.2.5 | A | B | C | D | E | F |

**(5 x 2) (10)**

**1.3**

1.3.1 ....................................................................

1.3.2 ....................................................................

1.3.3 ....................................................................

1.3.4 ....................................................................

1.3.5 ....................................................................

**(5 x 2) (10)**

40